# Die Grimm Broers

## Duisendpels

THINK DIGITAL ACADEMY



# Lank, Lank Gelede

Was daar 'n koning wat 'n vrou met goue hare gehad het. Sy was so mooi dat daar niemand op aarde was met wie sy vergelyk kon word nie.



Toe sy siek geword het en geweet het dat sy binnekort gaan sterf, het sy die koning na haar geroep en gesê: “As jy na my dood weer wil trou, belowe my dat jy weer ‘n vrou sal vat wat so mooi is soos ek en sy moet goue hare hê soos ek.” En nadat die koning sy woord gegee het, het sy haar oë toegemaak en sy het gesterf.



Vir 'n lang tyd het die koning getreur en nie daaraan gedink om weer te trou nie. Maar uiteindelik het sy raadslede vir hom gesê: "Jy moet weer trou."

Want die koning het geen seun gehad nie, maar net 'n dogter.



Boodskappe is wyd en syd gestuur op soek na 'n bruid wat so mooi soos die oorlede koningin was en wat sulke goue hare gehad het, maar daar was niemand nie. So het die boodskappers met leë hande huis toe gekom.



Die enigste persoon wat so mooi soos die koningin was en sulke pragtige goue hare gehad het, was die koning se eie dogter. En op 'n dag het die koning, wat regtig half van sy kop af was van hartseer en bekommernis gesê: "Ek sal met my dogter trou.”



Die raadslede het vir hom gesê hy mag nie. “God verbied dit,” het hulle gesê. “Geen goed sal uit so 'n sonde kom nie. Jy sal die hele koninkryk saam met jou hel toe sleep.”

Maar die koning was vasbeslote. "Sy is die enigste een wat soos my liewe vrou lyk, so sy is die een met wie ek moet trou," het hy gesê.



Die dogter was selfs meer geskok toe sy van die plan hoor en besluit sy moet dit verhoed.



Sy het toe vir hom gesê: “Voordat ek instem om met jou te trou, moet ek drie rokke hê, een so goudkleurig soos die son, een so silwer soos die maan en een so helder en blink soos die sterre. Jy moet ook 'n mantel van duisend verskillende pelse laat maak en een van elke soort dier in die koninkryk moet 'n stuk van sy vel daarvoor gee." Want sy het gedink dat die koning nooit sulke klere sou kry nie.



Maar die koning het al die naaldwerksters en al die jagters in die koninkryk aan die werk gesit, en uiteindelik was al die klere gereed ...



... drie rokke, so goudkleurig soos die son, so silwer soos die maan en so helder soos die sterre, en 'n mantel gemaak van duisend verskillende pelse.



Toe die koning die bont mantel uitsprei, het hy gesê: “Uiteindelik, môre is dit ons troudag.”

Toe die prinses sien dat daar geen hoop is om die koning se gedagtes te verander nie, het sy besluit om weg te hardloop.



Daardie aand toe almal gaan slaap het, het sy opgestaan en drie goed uit haar skatte geneem – 'n goue ring, 'n piepklein goue spinwiel en 'n klein goue klos.



Toe sit sy haar rokke van die son, maan en sterre in 'n neutedop, trek haar mantel van duisend pelse aan, vryf stof in haar gesig en hande ...



... en sy het in die bos uitgestap, sy het op God vertrou om oor haar te waak. Sy het geloop totdat sy uitgeput was, en toe het sy in haar self op gekrul en in 'n hol stomp aan die slap geraak.

.



Die son het opgekom, maar sy het verder geslaap. Sy het nog geslaap toe die son hoog was.



Nou het dit so gebeur dat die koning aan wie hierdie woud behoort, daar gejag het. Toe sy honde by die boom kom, het hulle die boom gesnuif en blaffend om die boom gehardloop.

Die koning het sy jagter beveel om te kyk watter wilde dier daar skuil.



"Dit is 'n vreemde dier," het die jagter berig. “Ek het nog nooit so iets gesien nie. Dit lê en slaap in 'n hol stomp en sy vel is bedek met  duisend verskillende pelse.”

Die koning het gesê: “Probeer om dit lewendig te vang. Bind dit aan die wa vas en neem dit huis toe.”



Toe die jagter die prinses vasgryp, skrik sy wakker en roep verskrik: “Hê simpatie oor my! Ek is 'n arm kind wat deur my pa en ma in die steek gelaat is. Kyk na my.”

Toe het hy gesê: “Duisendpels, jy kan in die kombuis kom werk. Jy kan die as opvee.” En sy was in die wa gebondel en teruggeneem na die paleis.



Sy was 'n skuilgat onder die trappe gegee om in te slaap,
waar die son nooit geskyn het nie en hy het vir haar gesê:
"Die is nou jou plek, Duisendpels.”



Toe was sy kombuis toe gestuur om die swaar werk te doen. Hulle het haar hout en water laat dra, die vuurherd laat vee, die hoenders gepluk, die groente skoonmaak – sy moes al al die vuil werke doen.

Duisendpels het 'n ellendige lewe gelei. Ag, skone prinses, wat gaan van jou word?



Na 'n lang tyd was daar 'n dans in die paleis gehou en sy het die sjef gevra: "Mag ek boontoe gaan vir 'n rukkie net om te kyk? Ek sal buite die deur bly.”

Die sjef het gesê: “Ja, maar jy moet oor 'n half uur terug wees om die vuurherd te vee.”



Duisendpels het haar olielamp in haar skuilgat geneem, haar mantel van duisend pelse uitgetrek, die stof van haar gesig en hande afgewas en haar skoonheid het weer geskyn. Toe maak sy die neutedop oop en haal haar rok so goudkleurig soos die son uit.



Terwyl sy op pad na die dans saal gestap het, het almal vir haar plek gemaak. Niemand het haar herken nie. Hulle het gedink sy moes 'n prinses wees.



Die koning het self na haar toe gekom, haar hand gevat en met haar gedans. Hy het in sy hart gedink: Dit is die mooiste meisie in die wêreld.

Toe die dans geëindig het, het sy voor oor gebuig.



Die koning het vir 'n oomblik weggekyk en toe hy terugkyk, was sy weg. Niemand het gesien waarheen sy gegaan het nie. Die koning het al die wagte laat ondervra, maar niemand het geweet waar sy vandaan gekom het of waarheen sy gegaan het nie.

.



Sy het in haar skuilgat in gehardloop, uit haar rok geglip, stof op haar gesig en hande gevryf, haar mantel van duisend pelse aangetrek en het weer Duisendpels geword.



Sy het kombuis toe gegaan om die vuurherd te vee, maar die sjef het vir haar gesê: “Moenie daar oor bekommer nie. Ek wil kyk hoe hulle dans, so jy kan die sop maak vir die koning en let op dat jy geen hare daarin laat val nie of jy sal geen aandete kry nie.”



Die sjef het boontoe gegaan en Duisendpels het vir die koning sop gemaak met die beste van haar vermoë. Toe haal sy haar goue ring uit haar skuilgat en sit dit in sy sop bak.



Toe die dansbal verby was, het die koning die sop geëet en hy het baie daarvan gehou. Toe hy by die bak kom, kry hy die goue ring en wonder hoe dit daar gekom het. Daarom het hy die sjef geroep.

.



Die sjef was doodbang. "Jy het seker 'n haar in die sop laat val," het hy gesê, "en as jy het, sal jy geslaan word daarvoor.”



Toe hy voor die koning kom, het die koning hom gevra wie het die sop gemaak.

"Ek het," het hy geantwoord.

"Dit is nie waar nie," het die koning gesê. “Vanaand se sop was anders. Dit was baie lekkerder.”

Die sjef moes dus erken dat dit Duisendpels was wat die sop gemaak het.

“Stuur haar dan na my toe,” het die koning gesê



Toe Duisendpels kom, het die koning haar gevra:
“Wie is jy?”

"Ek is 'n arm meisie wat deur haar pa en ma in die steek gelaat is," het sy geantwoord.

“Wat is jou posisie hier?”

“Ek is hier vir mense om hul stewels na my te gooi.”



Die koning het die ring vir haar gewys. "Waar kom hierdie ring vandaan?"

"Wat sou ‘n arme Duisendpels weet van so 'n ring?" het sy geantwoord. Die koning het dus niks uit haar gekry nie en moes haar terug stuur kombuis toe.



Na 'n rukkie het die koning nog 'n dans gehou. Soos voorheen het Duisendpels die sjef gesmeek om die kombuis te verlaat om te gaan kyk. “Ja,” het hy geantwoord, “maar maak seker om oor 'n half uur terug te wees om vir die koning daardie sop te maak waarvan hy so baie hou.”



Sy gaan na haar skuilgat, gooi haar mantel af en maak die neutedop oop om die rok so silwer soos die maan uit te haal.



Sy het so mooi gelyk as wat sy kon wees. Die koning het met haar gedans, maar sy het weereens daarin geslaag om weg te glip sonder om opgemerk te word.



Sy het haarself weer in Duisendpels verander en vir die koning sy sop gemaak. Hierdie keer het sy haar piepklein goue draaiwiel in die bak in geglip.



Weereens het die koning die sjef ontbied en gevra wie die sop gemaak het en weereens erken hy: " Duisendpels."



Maar die koning kon hierdie keer niks meer uit haar kry nie, net dat haar plek was vir mense om hul stewels na haar te gooi en wat sou sy weet van 'n goue spinwiel?



Die koning het 'n derde dansbal gehou en dit was dieselfde as voorheen. Duisendpels het gesmeek om te gaan kyk en die sjef het haar toe gelaat en het gesê: “Maak seker jy kom betyds terug om die koning se sop te maak. Ek dink jy moet 'n heks wees, Duisendpels wat 'n towerspel op die sop plaas sodat die koning baie meer van jou sop hou as van my sop.”



Sy trek die rok aan wat soos die sterre blink en gaan die dans saal binne.



Weereens het die koning met die pragtige meisie gedans en gedink dat sy nog nooit so stralend gelyk het nie. En terwyl hulle dans, het hy dit reggekry om, sonder dat sy agtergekom het, die goue ring aan haar vinger te glip.

Elke keer as dit gelyk het of die musiek ophou, het die koning aan die musikante 'n teken gegee om voort te gaan.



Maar uiteindelik het die musiek tot 'n einde gekom, en al het die koning haar probeer vashou, het die meisie haarself los geskeur en so vinnig weg gespring dat sy voor sy oë verdwyn het.

.



Sy het na haar skuilgat gehaas. Sy het nie tyd gehad om haar rok van sterre uit te trek nie, maar het net haar mantel bo-oor gegooi. En toe het sy die stof op haar gesig en hande gevryf, maar sy het die vinger met die ring gemis.



Toe gaan sy terug kombuis toe as Duisendpels en kook die koning se sop. Hierdie keer het sy die piepklein goue klos onder in die bak sop weggesteek.



Toe die koning die klos kry, het hy Duisendpels laat haal.



Hy sien haar wit vinger met die ring, hy gryp haar aan die hand en hou haar vas. Toe sy probeer weg kom, het haar mantel eenkant toe gegly, wat die rok so helder en sprankelend soos die sterre openbaar. Die koning het die baie bont mantel eenkant toe getrek, en haar pragtige hare het in 'n stortreën afgeval. Sy kon haarself nie meer onder haar bont mantel wegsteek nie.



Sy het die stof van haar gesig en hande af gewas en het daar in haar glorie gestaan, mooier as enigiemand wat hy nog ooit op aarde gesien het.



Sy het die stof van haar gesig en hande af gewas en het daar in haar glorie gestaan, mooier as enigiemand wat hy nog ooit op aarde gesien het.




THINK
DIGITAL ACADEMY